KOEIHOTEL
BIED MEER
AS NET VERBLYF.

Om die infrastruktuur op die plaas optimaal te benut, het die Landmans 'n vernuftige plan bedink. Hulle het besluit om 'n 'hotel' vir koeie op te rig waar nie net hul eie melkbeeste, maar ook dié van bure teen 'n fooi versorg en gemelk kan word. Beleggers kry ook die geleentheid om kapitaal teen 'n vaste opbrengs, in beeste te belê.

Om die bure se koeie te melk, hou voordele vir beide partye in, sê die familie. Hoewel hul 'n tarief van R6/koei, per dag hef om die koeie te melk en te voer (die bure verskaf hul eie voer), geniet hulle (die bure) die voordeel van 'n hoër melkprys, omdat die Mooimelk Koeihotel as eenstop oplaaipunt kwalifiseer. Die bure het ook nie nodig om geld in 'n melkstal te investeer en na hulle koeie se welsyn om te sien nie. Dit is die Koeihotel se verantwoordelikheid.

Die bure behou 'n groot mate van onafhanklikheid. Hulle kan kies hoe die rantsoene saamgestel moet word en watter genetika in die kudde gebruik moet word.

Die Landmans het ook 'n skema vir boere wat byvoorbeeld wil aftree of enige ander persoon wat 'n belegging in landbou wil maak. Eerder as om inkomstebelasting op die vee, wat by staking van die boerdery verkoop word, aan die Ontvanger te betaal, kan koeie aangeskaf en by die koeihotel ingeboek word. 'n Gewaarborgde maandelikse inkomste (sowat 15% opbrengs op aanvangskapitaal per jaar) word maandeliks aan beleggers uitbetaal.

Hulle verkies om namens die beleggers koeie in te koop wat aan sekere gesondheid- en gehaltestandaarde voldoen. Die belegger ontvang 'n sertifikaat wat die waarde van die diere aandui asook 'n waarborg dat hulle aan die einde van die kontraktermyn weer minstens dieselfde prys vir hulle diere sal ontvang. Enige koei wat vrek óf uitgeskot sou word, is vir die rekening van die koeihotel.

Die groot voordeel van eienaarskap van melkbeeste is die kapitaal groei wat oor jare heen saam met inflasie bly groei, sê die Landmans.

THEUNS BOTHA

Theuns Botha